

BOEKBESPREKINGS

William Finaughty: *The Recollections of an Elephant Hunter* — Rhodesian Reprint Library, Vol. 29. Bulawayo, 1973. Pp. 244.

This is the third but much improved edition of Finaughty's work to be published. It contains an additional chapter which was missing when the first edition was published in 1914 and also a foreword by the noted authority on African travels, E. C. Tabler. The notes and references he added to each chapter greatly enhances the historical value of the book. In contrast to most of the other reprint books, and with good reason, the present publishers did not print a facsimile of the original, but decided to re-set it although following the original style as closely as possible.

The value of the book lies in the fact that this is one of the only books dealing with the adventures of a big game hunter who was actually born in Southern Africa in contrast to Baldwin, Cornwallis Harris and the likes, who only visited the country to enjoy a bit of sport. Born in Grahamstown in 1843, the son of a British Settler, he left for the interior in 1864 and met with traders on the Vaal River. He accompanied them as employee to Matabeleland. This just wetted his appetite for the life of trader-hunter and after a spell of working in the store of the well-known Chapman at Kuruman, he again set off in the latter's company to trade and acquire the rudiments of hunting big game in Matabeleland. In 1866 he decided to venture out on his own as elephant hunter and in the ensuing five years he shot well over 500 elephants. In 1870, after a bad spell of fever, he abandoned his regular hunting trips for ivory, during which he would bag up to 5000 lbs. of ivory in one year, and settled for the somewhat quieter life as trader, also described in the eleven years covered by his memoirs.

From a technical point of view, the success achieved with the muzzle loaders of those days cannot fail to impress even the big game hunter of today with his sophisticated equipment. It must however, not be overlooked that a steady horse from which to hunt, and if the occasion arose as quite often was the case to help beat a hasty retreat, was almost worth its weight in ivory. Small wonder that a good salted horse was often sold for a hundred pounds or more in those days. The book amply illustrates that the manoeuvrability of a horse more than compensates for the time-consuming process of reloading, if not for the heavy recoil of the muzzle loader. This is often something which the motorised hunter loses sight of.

One is once again impressed by the important role played by the tsetse fly in the establishment of trade routes and the selection of hunting grounds. No horse or ox was immune to the dreaded disease they carried and only the very bold or foolhardy dared to enter fly-infested country.

In his notes Finaughty also describes his contacts with the legendary Boer hunters, Jan Viljoen and Piet Jacobs, whom he openly regarded as his peers. What a pity it is that they did not leave us with a record of their varied exploits over many years. Other well-known figures with whom he came into contact are Mauch, Baines, Mohr and Hartley.

From his memoirs it is also evident that Finaughty was not beyond more than a bit of rascality. He describes how his bid to smuggle a cannon to Secoconi was foiled by the Boers whom in general he never held in very high esteem.

The fact that it was compiled by a professional and not merely by an adventurer or naturalist of those times makes it a very readable book indeed.

The memoirs were written by R. N. Hall, editor of the *Rhodesia Journal* from Finaughty's notes and verbal deliverances.

Besides being a noteworthy addition to my collection of African hunting tales *The Recollections of an Elephant Hunter* also is a book that would appeal to the historian and the Africana collector alike.

M. Grobler.

Tim Jeal: *Livingstone*. Heinemann, London, 1973. Pp. 427. R8,25.

There have been three major biographies of Livingstone since his death, all written by clergymen and all published more than fifteen years ago. But in this biography, for the first time, Tim Jeal seeks to separate the man from the deeply ingrained legend, using an abundance of new source material which he handles with exceptional skill.

Tim Jeal was born in London 28 years ago. After completing his studies in Oxford, he worked for the B.B.C. for four years. He was awarded a Major Arts Council Bursary in 1970. Since 1970 he is a full-time writer.

A few years ago one of Livingstone's biographers wrote that none can gainsay the supreme importance of the results of Livingstone's exploration of the African continent, including his introduction of Christianity there and the part he played in getting the slave trade suppressed, or withhold admiration for his physical courage, endurance, and pertinacity. He was accordingly revered by the Victorians as a near saint, epitomizing every moral virtue — a myth in his own time, a national British hero, untarnished for his self-dedication, his audacity as an explorer and his shining character.

Published to coincide with the centenary of Livingstone's death in 1873, Tim Jeal's comprehensive biography shows this myth to have been a bizarre distortion, and in doing so reveals Livingstone as a complex and paradoxical figure. As a man, Livingstone had been marked for life by the harshness of his childhood. Throughout his career, opposition and derision increased his efforts and strengthened his will. Until he was twenty seven, Livingstone had studied medicine and theology so intensely that he had never time to make normal adjustments, and as a result he would never understand people. He was hiper-critical of his colleagues and often rowed with them. He saw his wife's position as that of an inferior, rather than an equal partner, and he rarely found time to play with his children. The closest relationships he formed were by letter — friendships at a distance.

During his travels his isolation deepened. His thinking, too, started to suffer, since for years at a time he had nobody with whom to discuss his hopes and ideas. Gradually he came to judge people not as human beings, but for their use.

Tim Jeal proves that Livingstone yearned for praise and recognition. In this connection Jeal refers to Livingstone's "inflated hopes for missionary prospects" and proves that he failed as a missionary (with only one convert who lapsed). Furthermore, Livingstone was impractical in his vision of the Zambesi as a *highway* for traders and missionaries. He also misunderstood the Boers whom he despised for what he called "their stupid prejudice against colour."

Apart from shattering the myth of Livingstone as a near saint into fragments, Tim Jeal's most important contribution lies in showing that Livingstone's greatest, and hitherto unrecognised, historical impact was in the field of colonial politics. Since 1850 Livingstone maintained that colonization would not only give traders and missionaries security, but would force social change on the Africans, destroying their customs and leaving them prone to accepting a new set of beliefs. "Colonization on the pattern of a minority of whites ruling, albeit philanthropically, a vast

majority of blacks, became his main preoccupation." (p. 374) This book presents a new argument, that it was Livingstone's ideals and influence which, years after his death, played a major part in establishing British colonial power in Africa. Twenty years after his death, his notion of Britain as a country with a unique mission was recognised, with many consequences that he had never envisaged.

This is a book which should have a treasured place in many libraries, not only as a rediscovery of Livingstone, but also as an unbiased, objective re-appraisal of this man whose name served for many years as a reminder of the courage and fortitude which made the name of Britain great throughout the world.

There was need for this book and it is admirably done in the best historical tradition of our time. I am convinced that Tim Jeal's *Livingstone* will, in time, be acclaimed throughout the historical world for its scholarship, its splendid literary style, its monumental range and its authoritative and scrupulous version of the life of one of the most romantic, heroic and at the same time most paradoxical figures of the African past.

A. P. J. van Rensburg

Department of History, University of Pretoria

G. M. Trevelyan: *England in the Age of Wycliffe*. Longmans, Londen, 1972. 354pp. kaarte. R3.

G. M. Trevelyan het onder historici geen bekendstelling nodig nie. Genoeg om aan die nie-akademiese belangstellende in die geskiedenis te sê dat Trevelyan, wat in 1962 oorlede is, eintlik met sy geskiedskrywing 'n familietradisie voortgesit het. Sy vader, Sir George Trevelyan, was ook 'n geskiedskrywer van faam.

Die onderhawige werk was Trevelyan se eerste groot werk, en is ingedien as M.A.-dissertasie. Omdat dit sy eerste werk was, kan 'n mens aanneem dat dit nie sy grootste werk was nie. Historiografe w.o. Gooch en Barnes is beide van mening dat Trevelyan se werk *England under the Stuarts*, sy grootste bydrae tot die geskiedskrywing was.

Nogtans was dit verblydend dat Longmans besluit het om 'n sagteband uitgawe van bg. werk beskikbaar te stel. 'n Werk wat oorspronklik reeds in 1899 verskyn het, en daarna etlike edisies beleef het.

Die 1972-uitgawe van *England in the Age of Wycliffe* word voorsien van 'n lang voorwoord deur J. A. Tuck. Die voorwoord is baie insiggewend, juis omdat dr. Tuck daarin aandui watter veranderde beskouinge daar oor hierdie periode intussen pogevat het.

Die nuwe beskouinge wat oor hierdie periode posgevat het, kan grootliks toegeskryf word aan argiefmateriaal oor die periode 1376-1385 (die periode van Trevelyan se werk) wat lank na die verskyning van Trevelyan se werk beskikbaar gestel is.

Ek stem saam met dr. Tuck dat 'n mens nie hierdie werk summier moet veroordeel as verouderd nie. Met die dokumente tot Trevelyan se beskikking, het hy 'n uiters knap studie gemaak van die politieke geskiedenis van Engeland tussen 1376 en 1385. Hy het Wycliffe se loopbaan deeglik ondersoek, en sy wesenlike oordeel nl. dat die 14e eeuse Engeland die begin van individualisme aangekondig het, word vandag nog onderskryf.

As historiese werk oor 'n belangrike tydperk in die geskiedenis van Engeland gedurende die laat Middeleeue, bly Trevelyan se werk vandag nog van groot waarde.

D. W. van der Merwe

H. M. Hole: *The Jameson Raid*. Rhodesiana Reprint Library, vol. 30. Bulawayo, 1973. Pp. 306. R9,00 (Book Club Members R6,00)

The story of the Jameson Raid — its genesis, dramatic course, and far-reaching consequences — is one of absorbing interest. Sir William Harcourt once rightfully described the Raid as a “disaster” and a “disgrace”. Phrases such as “colossal blunder” have also been used to describe this invasion of the Transvaal in 1895 which shocked the whole world, became a turning-point in Anglo-Boer relations and which left a smear on Britain’s name which many still consider indelible. It also tumbled Cecil John Rhodes from his pinnacle of power in South Africa and put Dr. L. S. Jameson into prison, whilst at the same time having a profound influence on the history of the entire Southern Africa.

No wonder, then, that the Jameson Raid attracted the attention of historians and writers in Southern Africa and overseas who analysed it from every possible angle. Some saw it as a praiseworthy attempt to assert British rights in the Transvaal, others condemned it as a diabolical conspiracy engineered by British financial interests.

Few of these books, however, attain the excellence and perspective of Marshall Hole’s *The Jameson Raid*, which has now been published as Volume 30 in the Rhodesiana Reprint Library Series. Hole was one of Rhodesia’s first civil servants and a one-time private secretary to Dr. Jameson. Although he had a metaphorical ring-side seat at these momentous events, he did not write his book until many years later, in 1930, giving him the advantage of the historical perspective of 35 years. The original has long been out of print. This facsimile reprint includes five additional illustrations from the Africana Museum, Johannesburg, and the National Archives of Rhodesia. It also includes a Publishers’ Introduction by Mr. D. D. Gale, editor of Books of Rhodesia.

Marshall Hole writes from the inside, as an eye-witness who watched the whole drama unfold from his office in Salisbury. The result is a powerful narrative which is both a significant contribution to history and an eminent literary achievement. Characters as famous and colourful as Paul Kruger, Starr Jameson and Cecil Rhodes jostle with characters less known but equally vivid, such as Dr. Rutherford Harris, Sir Hercules Robinson and Dr. H. A. Wolff. Hole refers significantly to Kruger’s “natural gift for diplomacy” and further states that his “intellectual make-up was largely composed of that subtle quality expressed by the untranslatable Dutch word *slim*” (p. 244). Onze Jan Hofmeyr was “about the only man in Africa who was Kruger’s equal in tactical ability” (p. 242). Very objectively Hole concedes that Jameson was something of a daring adventurer and an opportunist. (p. 286).

Hole’s account is written with all the skill of a trained historian. It is informative and objective, but also adventurous, comprehensive and modest. It is crowded with living men, exciting scenes, and daring exploits. The prose is of that unaffected sort, which, as often in the hands of men connected with action, rises naturally to a simple nobility. The exhilarating story of misadventure and non-achievement is made more vivid by a real gift for the portrayal of the South African scene, by excellent illustrations and by many revealing little anecdotes and excursions into history.

Undoubtedly Hole has added to the notable list of books on the South African scene of the late 19th century, already distinguished by such names as W. J. Leyds, F. Lion-Cachet, J. F. van Oordt, G. M. Theal, J. C. Voigt, J. P. Fitzpatrick and F. R. Statham. We look forward to the next work of Hole which might be included in this very meritorious series.

A. P. J. van Rensburg
Department of History, University of Pretoria

Christopher Brooke: *The Structure of Medieval Society*. Thames en Hudson, Londen, 1971, 130pp. illus., bib., reg. en kaart. R2,65.

Die geskiedenis van die Middeleeue lê vandag vir talle van ons mense te ver buite die eie ervaringsveld. Kennis en begrip van die Middeleeue het vaag geword, en daar word dikwels die vraag gestel of 'n studie van hierdie kennisveld nog nut het.

Selfs Europese kenners van die Middeleeue kla oor die feit dat hulle terrein vreemd geword het vir die mens, en in besonder vir die student van die 20ste eeu. Wanneer dit die geval in Europa is, waar mense tog daagliks tussen die reste van die Middeleeue leef, hoeveel te meer vir die student in Suid-Afrika!

Die werkie van Christopher Brooke, professor in die geskiedenis aan die Westfield College in Londen, probeer juis om die Middeleeue nader aan die mens van sy dag te bring.

Soos die titel van die werk aandui, handel dit oor die struktuur van die Middeleeuse samelewing. 'n Struktuur wat veral na die opkoms van Feodalisme in die 9de en 10de eeu baie ingewikkeld word.

Brooke slaag daarin om op uiters onderhoudende wyse die probleem van die samelewingstruktuur gedurende die Middeleeue te verhaal. Sy styl is lewendig en boeiend.

Die vraag hoekom professor Brooke slegs hierdie aspek van die Middeleeuse geskiedenis onder die soeklig plaas, sal vir diegene wat reeds met die groot werk, *The Flowering of the Middle Ages* kennis gemaak het, duidelik word. Die bg. werk is so omvangryk dat menigeen daarin verstrik raak, en dan kos die werk ook 'n aansienlike bedrag.

Die behoefte het dus alou ontstaan om die verskillende aspekte wat in *The Flowering of the Middle Ages* behandel word, in kleiner werkies beskikbaar te stel. Die werk onder bespreking is een wat uit hierdie behoefte ontstaan het, en dit het inderdaad aan sy doel beantwoord.

Hier is 'n werk wat maklik deur 'n voorgraadse student ter hand geneem kan word, en wanneer hy dit deurgelees het sal sy begrip oor hierdie terrein van die Middeleeue beslis wyer wees. Professor Brooke slaag daarin om ons die mens van die Middeleeue te wys, en hoewel die Middeleeuse samelewing streng verdeel was in stande en ordes was daar tog ruimte vir die enkeling om homself ten volle te ontwikkel. Daar was ook vir diegene plek wat in menig opsig verskil het met die samelewingstruktuur. Dink maar aan pous Innocentius III of Hendrik I van Engeland.

Die werk is ryklik geïllustreer en van 'n beknopte bibliografie voorsien. Alles in ag geneem is dit 'n werk wat ten sterkste aanbeveel kan word, veral vir diegene wat meer te wete wil kom oor die aard van die Middeleeuse samelewing.

D. W. van der Merwe

Gerald A. J. Hodgett: *A. Social and Economic History of Medieval Europe*. Methuen en kie, Londen, 1972. 217pp. bib. en register.

Die skrywer het as studieveld gekies die tydperk 395 tot nagenoeg 1450, wat uiters omvangryk is, en die hele Middeleeue insluit.

Hierdie werk, wat soos aangedui in die titel, 'n sosiale en ekonomiese geskiedenis van die Middeleeue is, se basiese uitgangspunt is die navorsing van veranderinge wat op die twee genoemde terreine oor 'n tydperk van 'n duisend jaar gestrek het. Die skrywer ondersoek die veranderinge wat ingetree het op landboukundige, ekonomiese, handels- en ander aanverwante gebiede deur te verwys na die politieke veranderinge wat grootliks die grondslag gevorm het vir die ander veranderinge.

Vanselfsprekend is dit noodsaaklik om die wisselwerking tussen die politieke

en ekonomiese faktore te ontleed omdat dit ten nouste met mekaar verband hou. Juis hierin openbaar die skrywer hom as bekwame historikus en kenner van sy onderwerp.

Dit is 'n meer gespesialiseerde werk wat bedoel is vir nagraadse eerder as voorgraadse studente. Die skrywer gaan van die veronderstelling uit dat die leser van sy werk reeds kennis dra van die breëre geskiedenis van die Middeleeue. Die werk is van 'n uitgebreide bibliografie voorsien.

D. W. van der Merwe

Spohr, dr. O. H. (red.): *W. H. C. Lichtenstein: Foundations of the Cape / About the Bechuanas*, pp. viii, 114: 13 ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R7,50.

Almal ken, of het minstens tog wel gehoor van die bekende reisverhaal van W. H. C. Lichtenstein uit die begin van die vorige eeu. Dit was blykbaar dr. Lichtenstein se bedoeling om 'n derde deel te laat volg, waarin hy 'n geskiedkundige oorsig wou gee van die kolonisasie en beskawing van Suidelike Afrika. Hierdie derde deel is helaas nooit gepubliseer nie. Tydens sy navorsing in verband met Zacharias Wagenaar het dr. Spohr gelukkig 'n fragment van hierdie manuskrip teruggevind. Hy het dit vertaal en dit word nou vir die eerste keer uitgegee.

Hoe beskeie die omvang van hierdie geskiedkundige oorsig ook mag wees, dit is van groot belang vir ons kennis van die Suid-Afrikaanse historiografie en van toestande in die 18de eeu. Dr. Lichtenstein het na sy verblyf aan die Kaap in Oktober 1806 na Duitsland teruggekeer. Sy reisbeskrywinge het in 1811 en 1812 verskyn en dit is vertaal in Engels en Hollands. In 1810 het hy dosent in Dierkunde aan die Universiteit van Berlyn geword en later het hy ook die Berlynse botaniese tuin, die diertuin en die soölogiese museum onder sy beheer gehad. Blybaar was hy slegs 'n middelmatige wetenskaplike, maar 'n uitstekende administrateur. Hy was geneig om oppervlakkig te bly en was nie altyd baie noukeurig nie. Hy het voorkeur daaraan gegee om eerder 'n historiese perspektief op die soölogie te behou.

Sy geskiedenis van Suid-Afrika is egter allermins oppervlakkig en dis duidelik dat hy heelwat navorsing gedoen het. Daar was geen gedrukte bron oor die Kaap in sy tyd wat hy nie gelees het nie. Hy was die eerste persoon wat so 'n oorsigtelike geskiedenis van die Kaap aangepak het. Dis egter belangrik dat hy ook die eerste was wat getrag het om die oorsake van verskynsels en gebeurtenisse aan te toon. Dis duidelik dat die Afrikaanse deel van die bevolking in sy tyd reeds duidelik 'n eie karakter ontwikkel het. Dit het Lichtenstein allermins ontgaan en hy trag om aan te dui wat die groei van hierdie verskynsel bevorder het. Baie gebeurtenisse en verkynsels wat hy noem, is vandag oorbekend. Maar dit tel in Lichtenstein se guns as wetenskaplike dat hy dit alles in sy eie tyd reeds opgemerk het. Hierin lê die groot verskil tussen hom en Barrow, wat blykbaar 'n oppervlakkige waarnemer was en baie gemaklik verkeerde gevolgtrekkings gemaak en dikwels wou veralgemeen. Lichtenstein het ongetwyfeld die binnelandse bevolking met simpatie benader.

Die tweede deel van die boek is meer van volkekundige aard. Hy beskryf die Betsjoeanas, hulle kos, gesondheid, kleding en behuising, godsdiens, opvoeding, sosiale lewe, intelligensie, krygskuns en veeteelt. Vir die huidige volkekundige behoort in hierdie deel heelwat aangetref te word wat tot nou toe slegs deur middel van die bewerings van Barrow bekend was. Opvallend is die opmerking dat geen vrou vrou sonder 'n byl aangetref sal word, omdat houtkap een van haar belangrikste pligte was. Hier het ons een van die vroegste getuienisse van die binnelandse ontbossingsproses.

Daar is 'n uitgebreide rekenskap van die Lichtenstein-dokumente, 'n oorsig

van sy publikasies, 'n biografie, toeligtings by die teks en 'n indeks. Dis 'n wardevolle toevoeging tot die literatuur oor die 18de eese binneland van Suid-Afrika, waaroor die bestaande bronne maar skaars is.

F. G. E. Nilant

Davidson, J. H. (red.): *South Africa, by Anthony Trollope*, pp. viii, 504. Kaapstad, A. A. Balkema, 1973. R12,50.

In teenstelling met wat ons self sou verwag, was Suid-Afrika in die 19de eeu in Engeland betreklik onbekend. Eers mettertyd is besef dat Kaapstad so te sê in die middel van die Britse Ryk geleë was. Iemand wat tot hierdie kentering baie bygedra het, was A. J. Trollope, 'n bekende skrywer wat op die toppunt van sy populariteit gestaan het. Hy was in Australië en Amerika. In Junie 1877 het hy in die Kaap aangekom. Die oomblik was nie baie gunstig nie. Die Transvaal was geannekseer en die onpopulariteit van die skrywer Froude het wantroue laat ontstaan teenoor die skrywer Trollope. Tereg was mense van mening dat hy te kort in die land sou wees om 'n redelike oordeel te kan vorm en dat sy onrype mening net moeilikhede kon veroorsaak.

Dit het gunstiger verloop. Trollope het in die land rondgereis, die kusstede besoek, sendingstasies bekyk, in Pietermaritzburg, Pretoria, Kimberley en Bloemfontein vertoef, en na 'n besoek aan Knysna en die Kango-grotte teen die einde van 1877 na Kaapstad teruggekeer. Hy was vyf maande in Suid-Afrika en sy boek, wat hy grotendeels gedurende die reis geskryf het, het twee maande na sy aankoms in Engeland verskyn.

Deurdadig Trollope veel in die Britse Ryk rondgereis het, was hy nie somer die eerste die beste besoeker nie. Hy het ruitelik erken dat hy met vooropgestelde idees na Suid-Afrika gekom het. Dat hy alles vanuit die standpunt van die Britse Ryk beskou het, kon hom in die destydse omstandighede nouliks werklik word. Die anneksasie van Transvaal was volgens hom absoluut noodsaaklik en almal sou voortaan die voordele van Britse bestuur kon geniet. Blykbaar was gewese president Burgers, wat hy persoonlik ontmoet het, dit met Trollope eens. Trollope was egter ook iemand wat sake nugter kon benader. Dit is bewonderenswaardig hoe hy stadigaan sy vooroordele as gevolg van sy waarnemings laat vaar het en hy erken volmondig dat sy verblyf te kort was en sy bevindings te vlugtig. Die swak grondslag van die Britse reg in Transvaal het hom egter nie ontgaan nie, ewemin as onwenslike toestande wat hy op party sendingstasies aangetref het. Hy was diep onder die indruk van Kimberley, waar hy vir die eerste keer op al sy reise 'n Nie-blanke gereelde werk sien verrig het. Op grond hiervan het hy Suid-Afrika as 'n ongewenste land vir immigrante beskou. Maar ook vir die Boere in die binneland het hy 'n oop oog gehad. Hy het hom nie deur die mense se ruwe uiterlike om die bos laat lei nie. Ewemin het hy hulle onderskat, soos soveel van sy landgenote voor en na hom gedoen het. Trollope het die Boere vergelyk met die Engelse "gentleman", sowel wat hulle optrede, geaardheid en goeie maniere betref.

Hoewel die boek miskien minder noukeurig was — daar is selfs ernstige foute — was dit wel eerlik. Dit was lewendig geskryf en nadat dit verskyn het, is dit wyd gelees. In Engeland het dit as grondslag gedien vir oordeelsvorming, verwysing en koerantekennis. Dit was 'n standaardbron van inligting in die jare 1877-1881. Trollope het komende moeilikhede voorspel en gewys op die besluite-loosheid van die Britse regering. Hy was die eerste skrywer wat die waarde van Carnarvon se federasieplanne betwyfel het.

Merkwaardig is sy oortuiging dat die Britse element op die duur die oorhand in Suid-Afrika sou kry en dat die Afrikaanse sou verdwyn! Hieruit

blyk duidelik dat hy geen geleentheid gehad het om intensief te ondersoek nie. Wel besef hy die ontsaglike kloof tussen die peil van bekawing van die Blanke en die Bantoe.

In Suid-Afrika het die boek nooit soveel byval gevind as in Engeland nie. Dit het betreklik onbekend gebly. Om die rede moet hierdie herdruk na amper 'n eeu verwelkom word. Dit gee 'n vlugtige kyk op ons land, maar deur iemand wat nugter en eerlik was, en baie van ons probleme het nog niks aan aktualiteit verloor nie.

F. G. E. Nilant.

David Clammer: *The Zulu War*. Purnell, Cape Town, 1973, 239 pp., prys onvermeld.

Die geskiedenis van die Bantoes van Suid-Afrika het die verbeelding van veral buitelanders aangegryp, om bv. aan die werk van Morris en Binns te dink. Verlaas die Zoeloes is in die middelpunt van die belangstelling geplaas. 'n Mens sou mettertyd 'n Zoeloe-historiografie kan saamstel. Die ontdekking van die Swart Opposisie van koningin Victoria is veral in die tweede helfte van die 20ste eeu gemaak. Dit gee 'n sekere historiese aktualiteit aan die oprigting van *Kwa-Zulu* in ons tyd. Die geskiedenis van die Zoeloes word in 'n sfeer van romantiek gehul. 'n Mens sou hulle as die *Pruise* van Suid-Afrika kan noem, militariste wat met sowel Boer as Brit in botsing geraak het, afgesien van botsings met ander Bantoesamme in die vroeë fase van Zoeloesgeskiedenis. Dit was die Zoeloes wat een van die grootste militêre nederlae in die Britse militêre geskiedenis aan imperiale troepe besorg het — *Isandhlwana*. Die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 het die verbeelding gaande gemaak. Dit was soos die Majuba van Afrikanergeskiedenis, hoewel die gevolge daarvan gouer uitgewis is as dié van eersgenoemde.

David Clammer se *Zulu War* is 'n verdere bydrae tot hierdie romantiese tyd in die Britse koloniale geskiedenis. Die skrywer is eerlik genoeg om die oorsake te sien as drieledig: die beleid van Suid-Afrikaanse federasie, die geskiedenis van die Zoeloes self en die persoonlikheid van die Britse verteenwoordiger in Suid-Afrika, sir Bartle Frere. Soos die mode van ons tyd voorskryf, lê die skrywer se simpatie by die Swartman, eerder as by die Blanke. Vir die twee Boererepublieke koester hy nie juis eerbied nie. Op p. 16 word verklaar: „Both countries were insolvent”, wat toon dat hy die propagandabeeld van vyandig-gesinde tydgenootlike opinie voortsit. Sy bronne oor die Anglo-Zoeloe-oorlog is sekondêr — Britse bronne. Die skrywer het daarin geslaag om 'n leesbare verslag van hierdie oorlog op te stel waarin Britse wapens cindelik geseëvier het.

F. A. van Jaarsveld.

Jan Vansina: *Oral Tradition. A Study in Historical Methodology* (1961). Vertaal uit die Frans deur H. M. Wright. Penguin Books, 1973, 226 pp. Prys onvermeld.

Jan Vansina is 'n Belg en Afrikakenner, wat na wye historiese opleiding en arbeid in Afrika in Amerika tereg gekom het, waar hy tans as Wisconsin Navorsingsprofessor in Afrika-studies werk. Hy het 95 artikels gelewer en 12 boeke. Sy aanraking as historikus en volkekundige met Afrika-samelings het hom die belangrikheid van mondelinge tradisies by die Swartman leer ken. Vir 'n kennis van die geskiedenis van die inheemse inwoners van Afrika is mondelinge oorlewering 'n belangrike bron, hoewel dit ook misleidend en selfs gevaarlik kan wees. Dit blyk uit die onkritiese aanvaarding van mondelinge getuënis op grond waarvan idealiste en romantiseerders wat die Swartman se pre-koloniale geskiedenis gerekonstrueer het, in allerlei slaggate geval het.

Sedert Jan Vansina sy werk oor mondelinge oorlewering in 1961 gepubliseer het, het 'n vloed van geskrifte oor hierdie probleem verskyn. Vir die historikus is dit nie sonder belang nie. Afrika huisves baie tale en tonge van mense sonder 'n literêre agtergrond. As die „inheemse” geskiedenis van die Afrika-samelewings en state in die pre-koloniale tyd beskryf wil word, spreek dit vanself dat daar op mondelinge tradisies teruggeval sal word — watter probleme daar nou ook al aan kleef. Dit was 'n gelukkige ingewing van Vansina om aandag aan hierdie probleem te skenk en helderheid te bring oor baie dinge wat vir ons in die duister verkeer het. Met sekere voorbehoude kan die historikus die boek met vrug raadpleeg. Ook vir die R.S.A. met sy primitiewe inwoners is die werk van Vansina van belang. Watter gevare verbonde is aan mondelinge oorlewering blyk uit die werk *The Oxford History of South Africa* wat sekere mondelinge oorlewering verwerp as dit nie pas in die beeld van wat die ver linkse liberalis van die pre-historiese tyd van Suid-Afrika wil tuisbring nie. Hierdie boek is van waarde vir ingeen wat hom bemoei met die geskiedenis van die vroeë Bantoe van Suid-Afrika.

F. A. van Jaarsveld.

T.B. Barlow: *The Life and Times of President Brand*. Juta & Co., Cape Town, 1972, 267 pp.

Die skrywer is 'n seun van Arthur G. Barlow, 'n bekende parlementariër wat groot lojaliteit teenoor Suid-Afrika, die land van sy inwoning betoon het, om maar aan ons landsvlag en volkslied uit 1957 te dink. T. B. Barlow se grootvader, vader van Arthur G. Barlow, was 'n Vrystater uit die jare vroeg, redakteur van „The Friend of the Free State”, 'n koerant wat in die 19e eeu die Vrystaatse saak bepleit het, maar soms sarkasties deur andersdenkendes „The Enemy of the Free State” genoem is! Maar dis nie ter sake nie. T. B. Barlow het hom betoon as 'n waardige Vrystater, lojaal aan Suid-Afrika en vaderlandsliewend. Hy is in 1906 gebore, 'n produk van die beroemde Grey College en die Universiteit van Kaapstad en Stellenbosch — 'n waardige en goeie Suid-Afrikaner. Advokaat Barlow was bibliotekaris van die Hooggeregshof in Kaapstad, professionele assistent van die Kaaplandse Prokureurgeneraal en 'n bekende skrywer — niteenstaande fisiese stremming — oor regsangeleenthede in sy vaderland. Sy boek oor president Brand is geskryf op uitdaging van sy vader, Arthur. Dit berus op wye sekondêre, maar veral primêre leeswerk in die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein. Wie die biografie en „tyd” van president Brand lees, word getref deur die feit dat ons hier te doen het met 'n werk wat nie die „gewone” Engelse of Imperiale standpunt weergee nie. Ons het te doen met 'n werk wat die „Suid-Afrikaanse”, beter gesê, „Vrystaatse” standpunt vertolk. Die Afrikaners wat die werk lees sal daarin die „Afrikaanse” standpunt ontdek, anders as in die gewone werk van Engelstaliges wat die „Britse” of „Imperiale” standpunt voorop gestel het.

Die visie op die lewe en werk van president Brand soos voorgestel deur 'n Engelstalige Suid-Afrikaner in die Engelse taal verdien ons waardering. Die skrywer het die moed van sy oortuiging gehad en deur sy werk 'n beeld van die lewe en werk van president J. H. Brand ontwerp wat vir Suid-Afrikaners van patriotiese denke aanvaarbaar is. Geen beeld van die lewe van 'n staatsman sal vir almal ewe aanvaarbaar wees nie. Dit moet ons goed verstaan. Historici openbaar elk sy eie kyk op sake.

Vir die republikeinsgesinde Afrikaners mag die visie van Trafford Barlow op die bydrae van president Brand tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing

beperk wees — veral as 'n mens Brand in die perspektief stel van die latere verloop van sake. Hy het „op die man af” geskryf, maar moontlik versuim om te meld dat Brand in 'n tyd van krisis in die Republikeinse situasie, 'n grondslag gelê het wat die Republikeinse Noorde gered het teen vernuftige diplomatieke Imperialistiese aanslae. Dit was sý visie van 1887 wat die strewende na „nouere vereniging” tussen die twee Susterrepublieke gekanaliseer het in die rigting van „Federale Unie”, wat wel nie bereik is nie, maar tog gelei het tot die „Raad van Afgevaardigdes” wat in 1897 ingestel is en tot in 1899 gefunksioneer het. Al sou pres. Brand in sy opleiding en denke sterk „Brits” geïntereerd gewees het, tog het hy die grondslag gelê van 'n sterk en onafhanklike Republikeinse Noorde wat weerstand gebied het teen die Britse Imperiale faktor. Hy het erkenning gekry vir sy bydrae om die vrede tussen Boer en Brit te bewaar. Sy visie was wyd. Hy het nie slegs die sukkelende Transvaalse Republiek positief beïnvloed nie, maar ook in 1871 'n toekomsvisie geopenbaar wat in die 20ste eeu gematerialiseer het, nl. die totstandkoming van 'n onafhanklike Republiek van Suid-Afrika, volkome los van die Britse verbintenisse. Daar is baie voortreflikhede om in Trafford Barlow se biografie te waardeer. Geen werk van historiese aard is volmaak nie en lesers sal punte van verskil en swakhede daarin ontdek, maar dit doen nie afbreuk aan 'n werk wat allerweë verwelkom word nie. Barlow geopenbaar. Hy verdien die dank van die liefhebbers van die geskiedenis.

F. A. van Jaarsveld.

Coates, A. W. (red.): *The Classical Economists and Economy Policy*, Methuen, Londen, 1971. Pp. 205., bibl.

Die onderhawige werk vorm deel van die reeks *Debates in Economic History* onder redaksie van Peter Mathias. Sewe skrywers, o.a. Mark Blaug en R. D. Collison Black, het hierdie werk saamgestel.

Soos die titel aandui, handel die werk oor die klassieke ekonomiese beleid en klassieke ekonomie. Die debat betrek hoofsaaklik die probleem of hierdie klassieke ekonome soos Adam Smith, Jeremy Bentham, Thomas Malthus, David Ricardo en andere gesien kan word as 'n werklike ekonomiese skool met 'n sentrale dogma, en verder in hoeverre is hierdie mense deur ander ekonomiese denkboude beïnvloed.

Die term „klassieke ekonomie” is vir die eerste keer deur Karl Marx gebruik en daarom word dit die taak van die skrywers om vas te stel in hoeverre so 'n benaming bestaansreg het in die ekonomiese geskiedenis.

Hierdie werk het, soos die res van die reeks, beslis meriete en beide dosent en student kan dit met vrug gebruik. Die byvoeging van 'n bibliografie verhoog die waarde van die werk.

D. W. van der Merwe.

Coleman, D. C. (red.): *Revisions in Mercantilism, Series Debates in Economic History*, Methuen and Co., Londen, 1969. 213 pp., bibl.

Soos die titel aandui, het ons in hierdie werk te doen met die begrip merkantilisme, maar ook met verwante begrippe soos fiskalisme en kameralisme. Die werk onder redaksie van D. C. Coleman, bevat 'n reeks uitgesoekte artikels wat verskillende aspekte van merkantilisme onder die soeklig plaas. Voorts dui die titel ook daarop dat ons hier met 'n debat te make het en weliswaar 'n debat op hoë vlak, want die uitgesoekte artikels is deur outoriteite geskrywe soos bv. die groot Sweedse ekonomiese historikus Eli Heckscher. Die agt opstelle verdien om gemeld te word en val soos volg uiteen: Eli Heckscher, *Mercantilism*; A. V. Judges, *The Idea of a Mercantile State*; Jacob Viner, *Power*

versus Plenty as Objectives of Foreign Policy in the Seventeenth and Eighteenth Centuries; D. C. Coleman, *Eli Heckscher and the Idea of Mercantilism*; Charles Wilson, *The Other Face of Mercantilism*; Jacob van Klaveren, *Fiscalism, Mercantilism and Corruption*; Ingomar Bog, *Mercantilism in Germany*, en Martin Wolfe, *French Views on Wealth and Taxes from the Middle Ages to the Old Regime*.

Die doel van die werk word duidelik deur Coleman gestel in die inleiding: „The selection is designed neither to provide an exposition or explanation of mercantilism as a phase in history of economic thought, nor too offer a set of examples of mercantilism in practise.” Hy voeg verder by: „The purpose of the present selection is threefold. First, to illustrate some differing treatments of an historical concept. Second, to indicate some of the problems, and the stimuli to thought, raised specifically by Heckscher’s treatment of the concept. Third, to show the current trend in the debate”. (pp. 2-3).

Die debat wentel om die veelsydigheid wat die hele struktuur en wese van die merkantilisme so treffend kenmerk. Die skrywers waarsku voortdurend teen die gevaar om merkantilisme te vereenvoudig. Veralgemening van historiese konsepte is altyd gevaarlik en dit nie minder waar wat betref merkantilisme nie.

Heckscher wys bv. daarop dat die meerderheid ekonomiese historici fouteer het, deurdat hulle merkantilisme uitsluitlik eensydig beskou het en dit vanuit ’n nasionale oogpunt (p. 19). Daar is, volgens Heckscher, te veel klem gelê op die verskille in die struktuur van die Europese ekonomiese stelsels, waar die teendeel eerder veel meer waar is, nl. dat feitlik alle Europese lande op een of ander stadium deur dieselfde soort ekonomiese probleme geraak is. Heckscher motiveer sy stelling uiters geslaagd deur verskeie skrywers se sienswyse te analiseer.

Heckscher wys voorts daarop hoe moeilik dit is om die geskiedenis in te deel in begrippe soos bv. die „merkantiele tydperk,” ens. Die probleem van periodisering en historiese begrippe is niks nuuts nie en historici is dit almal eens dat daar geen waterdigte kompartemente ten opsigte van bogenoemde begrippe kan bestaan nie. Dit is ook vir die ekonomiese historikus, netsoos alle ander vertakings van hierdie dissipline, voortdurend ’n probleem. Die neiging bestaan so dikwels om begrippe soos Middeleeue en Renaissance te spesifiek aan sekere gebeure en tydperke te konnoteer en dit is wat ook met merkantilisme gebeur. Heckscher stel dit dan ook onomwonde dat merkantilisme „simply a convenient term for summarizing a phase of economic policy and economic ideas” is. (p. 34).

Judges toon aan dat die idee „merkantilisme” en „merkantiele staat” sy oorsprong in Duitsland gehad het. Hy wys ook daarop dat die begrip merkantilisme dit maklik maak vir ekonomiese historici om groepe teorieë en feite in fokus te kry, maar dan stel hy die vraag of so ’n term die probleme werklik vereenvoudig. (p. 35).

Voorts toon Judges aan: „Mercantilism never had a creed,” soos bv. die Marxisme en ander stelsels nie. Hy stel sekere eise aan ’n „-isme” en sy bevinding is dat merkantilisme streng gesproke nie voldoen aan die eise van ’n „-isme” nie.

Veral die artikel van Jakob van Klaveren behoort vir die meeste historici wat in merkantilisme belangstel uiters lesenswaardig te wees, want Klaveren stel die soeklig op die verband tussen agterlike en vooruitstrewende lande ten opsigte van die houvas wat merkantilisme onderskeidelik gehad het. Sy gevolgtrekking is: „Mercantilism becomes meaningful only in a community which

has attained the necessary maturity to react positively when stimulated by economic policy." (p. 150).

Ingomar Bog sluit by Heckscher aan in die sin dat hy ook o.a. die wese van sekere historiese indelings bevra en sodoende 'n debat uitlok. Hy wys bv. daarop dat ekonomiese historici voortdurend die grense van die Middeleeue verskuif en dat party die einde van die Middeleeue verskuif na 1848 met die afskaffing van die landheerskap (Grundherrschaft) (p. 163).

Daar kom talle prikkelende gedagtes in hierdie werk voor. Die werk voldoen aan die metodologiese eise van 'n wetenskaplike geskiedeniswerk en lesers behoort die werk baie interessant te vind. Nagraadse studente in hierdie vakgebied behoort ook baat te vind by 'n werk van hierdie aard.

D. W. van der Merwe.